Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

17 November 2023 Uitgawe: 6/4/2023

# UIT DIE KANTOOR

So kom ons aan die einde van ’n ongelooflike jaar met baie hoogtepunte en lekkertes. Ek is ons Hemelse Vader baie dankbaar vir ‘n geseënde 2023 wat Tjokkies kon beleef. Baie dankie aan elke ouer en vriend van Tjokkies wat die skool en personeel ondersteun het op alle terreine van die skool.

Die Tjok-klets koerantjie sal 29 November uitgegee word waarin u al die hoogtepunte van 2023 kan herleef. Baie geluk met almal se mooi prestasies.

Ongelukkig moes ons die moeilike besluit neem dat dit die laaste uitgawe van die Tjok-klets sal wees. Weens die kompeterende sosiale platforms beskikbaar, het e-koerante nie meer die plek wat dit vroeër gehad het nie. Voortaan sal dit met die skool se prestasieblad vervang word.

Sterkte aan ons Gr. 7-leerders en ouers wat nou ’n nuwe fase in hul lewe betree. Baie sterkte vir die hoërskool. Ons glo dat ons hier by Tjokkies die regte fondasie gelê het sodat ons kinders met gemoedsrus die uitdagings van grootword met die nodige vaardighede kan stormloop. Onthou, gee altyd net jou beste, want dit is vir die Here meer as genoeg.

Baie dankie aan die ouers wat die begrotingsvergadering op Maandagaand bygewoon het. Die begroting vir 2024 is goedgekeur tydens die vergadering. Die styging in skoolgeld word toegeskryf aan hoofsaaklik die volgende: beurtkrag, dieselkoste en die instandhouding van kragopwerkkers; die aankoop en ontwikkeling van addisionele erwe en die implementering van ‘n nuwe vak, Robotika, by graad 4 -7. Aangeheg by die weekblad is ‘n dokument wat gelde vir 2024 mooi uiteensit.

**Leerdersverslae:**

Ouers moet kennis neem dat die leerders se rapporte op 13 Desember vanaf 7:00-10:00 by u kind se registerklas afgehaal kan word. Indien u nie self kan kom afhaal nie, kan u reël dat dit deur iemand anders afgehaal word. Neem egter kennis dat geen rapport uitgegee kan word voordat al u kind se handboeke nie volledig ingehandig is nie. Verlore handboeke moet vervang word teen die koste waarteen die skool dit aangekoop het aan die begin van 2023. Rapporte sal dan uitgegee word by die wys van ’n geldige kwitansie.

**Heropening van skool 2024:**

Die skool heropen om 7:30 op 17 Januarie 2024. Graad 1-verwelkoming om 7:45 in die saal. Graad 1-ouers is welkom om dit by te woon.

Klasindelings vir 2024 word in die eerste week van Desember gedoen voor die personeel op 13 Desember verdaag. Hierdie indelings sal beskikbaar wees op die dag wanneer die rapporte afgehaal word.

**Groet:**

Aan al ons Tjokkie-ouers wil ek 'n geseënde Kersfees toewens en mag 2024 vir almal baie voorspoedig wees. Indien u op die pad gaan wees, ry veilig en kom veilig terug.

Ons het weer 'n propvol 2024 wat voorlê.

Baie dankie aan die personeel van Tjokkies wat getrou elke dag elke kind met soveel toewyding en liefde hanteer het. Julle leef voorwaar jul roeping ten volle uit. Julle verdien beslis die ruskans.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 17 Nov.: | o/13 Krieketproewe (2024) |
| 18/19 Nov.: | IEC Registrasie-naweek vir verkiesing (skoolsaal) |
| 20 Nov.: | Finkom-vergadering |
| | Eksamen begin vir Gr. 4-6 |
| 21 Nov.: | Gr. R Gradeplegtigheid |
| 29 Nov.: | Eksamen eindig |
| | Gr. 7-Afskeidseremonie |
| 13 Des.: | Afhaal van rapporte |

## VERJAARSDAE

Die volgende personeel verjaar almal gedurende die eksamen en vakansie.

Baie geluk!

| | |
|---|---|
| 2 Des.: | Juf. Leonie de Kock (Gr. 1) |
| 3 Des.: | Mnr. Antonie Botha (Gr. 6) |
| 7 Des.: | Juf. Amie van Rooyen (Gr. R) |
| 20 Des.: | Me. Suzane Wille (Skakelbeampte) |
| 27 Des.: | Mnr. Kevin Basson (Direkteur - Sport) |
| 2 Jan.: | Juf. Lené Swart (Assisstent) |
| 4 Jan.: | Juf. Mianca Opperman (Gr. 5) |

# ANDER

Neem asb. kennis dat #Tjokkieshop vir die res van die jaar oop sal wees op die volgende tye:

**Dinsdae en Donderdae: 12h00 – 13h00**

Sluit 7 Desember 2023

Vir noodgevalle kan 'n whatsapp gestuur word na: **063 235 5517**

# UITSLAE

**Gimnastiek**

As lid van Bloemfontein Gimnastiekklub behaal Amy Slabber die volgende uitslae:

**i Afrika Kompetisie:**
Vlak 3, 9-10 jaar – 2 x goue medaljes vir Euro en Double Mini Trampolien
Vlak 3, 10–12 jaar – silwer medalje vir Tuimel
Sy verwerf ook Suid-Vrystaat Kleure vir Tuimel en Trampolien – baie geluk!

**Tennis**

Leerders wat in Mangaung Metro Tennisspanne opgeneem is:

o/10 Seuns: Jacques Maartens (B-span)

Joshua Nel (A-span)

o/12 Seuns: Tristan van der Westhuizen (A-span)

Nathan Nel (A-span)

Louis Fourie (B-span)

o/14 Seuns: Petrus Fourie (A-Span)

Ludwig Knauff (Reserwe)

o/14 Dogters: Alicia Stoltz (Reserwe)

## FINANSIES

'n Vriendelike herinnering dat skoolfonds en nasorg gehef word vanaf Februarie – Desember. Alle skoolfonds en nasorggelde vir 2023 moet voor 7 Desember 2023 betaal wees. Debietorders vir Desember gaan steeds af op die gekose datums.

## SNUFFELS




BLOEMFONTEIN
MOTORS
OPSOEK NA IETS SPESIFIEK?
>> Kom ons gesels <<
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein | www.bloemfonteinmotors.co.za | 082 446 2174


ONTHOU DIE DATUM
15 DES 2023
17H00
Kersfees
FAMILIE MARK
15 DES. 2023 | 17:00-21:00
THE MUSTARD SEED GUESTHOUSE
R10 VOLWASSENES | R5 KINDERS
GENIET Ñ FAMILIE VRIENDELIKE
GELEENTHEID ONDER DIE STERRE OM DIE
FEESSEISOEN TE VERWELKOM.
INTIEM EN EKSKLUSIEF.
KOS
LIVE MUSIEK
VERVERSINGS
KWALITEIT GESKENKE
KINDER VERMAAK
KONTAK ONS: 0793978735




Stewige, swart seil boeksakkies met verskillende kleure omboorsel vir beskerming van boeke (Verpligtend vir Gr. 4, benodig 7) @ R65 elk of stel van 7 vir R420.
Bestel vroegtydig vir 2024 - betaling met bestelling asb!!

***Whatsapp*** Blanche by 0725052247 vir enige navrae en bestellings.